The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

Publication
SOLIDARITEIT TYDSKRIF

Page
30

Date
Thurs 01 Oct 2020

AVE (ZAR)
5210.45

STRYD TEEN RASSEDISKRIMINASIE BY BARLOWORLD

Solidariteit het onlangs weer tot die rasstryd toegetree nadat sekere werknemers by Barloworld Equipment South Africa op 17 Augustus kennis ontvang het dat hul indiensnemingskontrakte beëindig word.

Die proses wat Barloworld gevolg het, het ras as kriterium gebruik. Gevolglik was getroue en lojale werkers hul werk kwyt op grond van die kleur van hul vel. Swart werknemers, wat in baie gevalle eers onlangs by Barloworld aangestel is, het dus hul werk behou ten koste van wit, bruin en Indiese werkers wat jare lange diens by die maatskappy het. Ras as seleksiekriterium het swaarder geweeg as kennis en vaardighede, en ras eerder as lojaliteit aan Barloworld is dus beloon.

Dit is kommerwekkend dat maatskappye hulself openlik by die rasideologie van die regering skaar en skaamteloos diskriminerend teenoor minderhede optree.

In reaksie hierop het Solidariteit 'n dringende aansoek tot die arbeidshof gebring om die wetlikheid van Barloworld se diskriminerende en onbillike seleksiekriteria uit te daag.

Ten spyte hiervan het Barloworld die werkers op 16 September afgedank. Solidariteit was kort daarna in die arbeidshof om sy saak namens hierdie werknemers teen Barloworld te voer. Uitspraak is egter teen Solidariteit gelewer.

Solidariteit ondersoek tans die saak om te kan appelleer by die arbeidsappèlhof. Die hofuitspraak voer aan dat substantiewe onbillikheid nie op 'n dringende basis in die arbeidshof aangehoor word nie, terwyl Solidariteit meen dat werknemers en hul verteenwoordigers juis dringend die hof moet kan nader in die geval van onwettige en onbillike optrede wat dadelik gestuit moet word.

Die gevolg van Barloworld se optrede is dat lojale werknemers met jare se diens hul inkomste verloor het as gevolg van die kleur van hul vel en dat hulle benadeel is ten koste van swart werkers wat 'n korter tyd by die maatskappy werksaam is en oor minder kennis en vaardighede beskik. Hulle is van hul werk ontneem en ander is bevoordeel omdat die regering 'n rasideologie nastreef wat hulle met behulp van wetgewing probeer afdwing.

Solidariteit staan op teen hierdie benadering. Blatante diskriminasie teen minderhede en minagting van kennis en vaardighede is nie wat maatskappye sterk maak en produktiwiteit stimuleer nie. Dit kan onmoontlik 'n ekonomie stimuleer en laat groei.